


# BOEKBESPREKINGS/ BOOK REVIEWS

C.C. ELOFF. *Oos-Vrystaatse Grensgordel: 'n streekhistoriese voorstudie en bronneverkenning*. RGN: Pretoria, 1980. 496 pp., met foto's, kaarte en tabelle. R19,00 (AVB inklusief)

Ons vaderlandse geskiedskrywing is arm aan indringende wetenskaplike ondersoek op streekhistoriese vlak. Trouens, streekgeskiedenis is een van die fasette van die geskiedsbeoefening wat te lank in ons land verwaarloos is. Waar die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing hierdie braakland nou aanvoer, word ons geskiedenis meteens verdiep en verryk.

Hierdie omvattende publikasie (nagenoeg 500 bladsye) is die eerste in 'n reeks van 28 oor die geskiedenis van Suid-Afrika in streekverband en terselfdertyd die eerste belangrike werk van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geskiedenisnavorsing se Afdeling Streekgeskiedenis wat vyf jaar gelede deur die RGN onder die bekwame leiding van dr. A.G. Oberholster in die lewe geroep is. Die voorneme is om 'n geheelbeeld van die vaderlandse verlede vanuit 'n plaaslike vertrekpunt op te bou en om die Suid-Afrikaanse geskiedenis in lokale in plaas van nasionale konteks te plaas.

## Oos-Vrystaatse



Die outeur het self in die Oos-Vrystaatse Grensgordel opgegroeï en is reeds jare lank gemoeid met intensiewe navorsing daarvoor. Uit sy pen het onder meer reeds die belangwekkende ondersoek na die sogenaamde Verowerde Gebied, waarop Lesotho aanspraak maak, verskyn.

Agt landdrosdistrikte — te wete Clocolan, Ficksburg, Fouriesburg, Ladybrand, Rouxville, Smithfield, Wepener en Zastron — kan volgens die Afdeling Streekgeskiedenis as 'n eenheid onder die benaming *Oos-Vrystaatse Grensgordel* tuisgebring word. Motivering hiertoe was die besondere ligging van hierdie distrikte aan die grens van Lesotho en hul betrokkenheid vir meer as 'n eeu by die Lesotho-grensvraagstuk. Trouens, 'n groot deel van die "Verowerde Gebied" uit die worsteljare van die Basoeto-oorloë val in hierdie gebied.

Geen enkele faset van die betrokke gebied se lotgevalle het die outeur se oog ontglip nie. Die werk val logies en sinvol in tien hoofstukke uiteen vanaf die vroegste landbesetting, die aanleg van dorpe en distrikte, die aanleg van kommunikasie en die daaropvolgende politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele ontwikkeling. Bo en behalwe die geskiedenis van die onderhawige distrikte, spreek die Vrystaatse geskiedenis van meer as anderhalwe eeu hier tot ons.

Die outeur het 'n indrukwekkende lys van bronne geraadpleeg. Bloot die feit dat voorgaande 38 bladsye beslaan, onderstreep die omvang van die ondersoek. Dié lys sal op sigself 'n waardevolle leidraad vir

toekomstige soortgelyke ondersoek wees.

Daar kan seker gevra word waarom slegs agt van die distrikte uit die eertydse Verowerde Gebied hier as "Grens-gordel" uitgesonder word. Dit spreek duidelik uit die ondersoek dat dié distrikte eens deel van 'n veel breër opset was as bloot die geografies-militêre van die slepende Basoeto-vraagstuk. Verder neig die verhaal soms om suiwer kroniek te word — 'n neweproduk van die omvang van die ondersoek wat bepaald nie vermy kon word nie.

Desnieteenstaande getuig die werk as geheel van hoë wetenskaplike keur. Die integriteit van die feite kan nie bevraagteken word nie, terwyl die oorgrote meerderheid van aflesings van objektiewe en onbevange oordeel getuig. Ook die taal en styl is hoogstaande en die verhaal vloei logies en sinvol. 'n Besondere verdienste van die ondersoek is die knap wyse waarop algemene waarhede met die besondere van die Grens-gordel geïntegreer is. So word die ontwikkeling van dié streek telkemale teen die breë Vrystaatse en nasionale agtergrond gespieël waardeur dit aan sin en inhoud wen.

Hierdie "tuinroete" van die Vrystaat met sy kenmerkende natuurprag van kranse wat die lug in steier en graanlande wat langs die rollende grasland tot teen die berghange opkruip, het hier beslis tot sy reg gekom. Die verhaal strek vanaf die vroegste bewoners en pioniers tot by die dorpslewe van vandag. Die lotgevalle van duisende mense en die wydgeskakeerde ervaring van byna twee eeue kom daarin tereg. Hier gewaar die leser meteens hoe 'n streek sy inwoners stempel.

Dat mnr. Eloff al hierdie menslike ervaring onder 'n enkele kometers kon tuisbring, spreek grootliks tot sy eer. Dis bepaald baanbrekerswerk wat sekerlik ook nie die laaste woord oor die betrokke streek is nie. Maar daar kan sonder vrees van teëspraak beweer word dat hy 'n tema aangesny en riglyne gelê het wat deur geen opvolger geïgnoreer sal kan word nie. Die Afdeling Streekgeskiedenis het hiermee goed van wal gestee en daar word uitgesien na die volgende publikasie in hierdie reeks.

*A.P.J. VAN RENSBURG*  
*Universiteit van Pretoria*